



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

Gebrokenheid

1 Samuel 1:1-28

Die Bybel is vol verhale van mense wat emosioneel stukkend was. Sommige verhale eindig gelukkig. Soos Hanna s'n. Maar soms kry jy nie die antwoord wat jy graag wil hê nie.

Die Bybel leer ons dat ons kan aangan met ons lewe, al is dit hoe moeilik - en dat God heel maak.

Met die oploop na Paasfees dink ons in die lydenstyd aan hoe Christus gebreek is vir ons. Omdat Jesus gesterf het kan ons deur Hom krag kry om in ons gebrokenheid die lewe sinvol kan leef met oorgawe.

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?

Watse emosies kom by jou op as jy hierdie teks lees?

Waarom beleef jy daardie emosies?

Notas



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

21 Emosies

Gebrokenheid

Hoe is Hanna se lewe beïnvloed deur haar kinderloosheid? Was haar reaksie regverdig of nie? Hoekom?

1 Samuel 1 is die eerste keer in die Bybel dat ons die naam van God sien wat alle hemelse magte beveel (1 Samuel 1: 3, 11). Wat vertel Hanna se beroep op die Here van die leërskaer oor hoe sy God verstaan?

Watter persoonlike opoffering moes Hanna maak om haar toewyding aan die Here te eer?

Watse gevoelens sou jy beleef as jy in Hanna se plek was?

Hoe kan 'n ouer hul kind effektief en prakties aan die Here toewy? Hoe lyk dit in ons tyd en in ons kultuur?

Is daar 'n oënskynlik onmoontlike behoefte wat jy vandag voor die Here wil lê?



Quellerina Gemeente